

# Kategeet werkblad: 29 Mei 2011

---

## Teksgedeelte:

1 Samuel 2:1-10

## Agtergrond:

In Israel is daar tye van groot veranderinge aan die kom. Terwyl die Israëliete gedurig deur die Filistyne geteister word, is die rigterstyd aan die verbygaan, en staan Israel op die punt om 'n monargie te kry. In al hierdie onsekerheid, bied die godsdiens nie veel troos nie. Korrupsie en verval is aan die orde van die dag by die heiligdom in Silo (onthou, die tempel in Jerusalem is eers deur koning Samuel gebou). Eli se twee seuns, Hofni en Pínehas, veroorsaak deur die misbruik van hulle mag dat mense hul respek vir die diens aan die Here verloor.

Dit is te midde van hierdie groter omwenteling dat Hanna by die heiligdom in Silo tot die Here bid vir 'n seuntjie. Sy is kinderloos en word eindeloos verneder omdat sy, volgens die gebruike van haar tyd, misluk in haar rol as vrou. Sy stort haar hart uit, en die Here verhoor haar gebed. Die seuntjie wat sy in die wêreld bring, noem sy Samuel, en sy wy hom toe aan die diens van die Here. In 1 Samuel 2:1-10 sing sy 'n loflied oor hoe die Here haar herstel het. Maar die lied kyk ook vorentoe, na hoe Samuel uiteindelik die plek van Hofni en Pínehas sal inneem, en as betroubare godsdienstige leier die volk deur die tye van groot veranderinge sal begelei.

Uiteindelik het dit alles begin by iets so "alledaags" soos 'n vrou wat 'n kind grootmaak, maar het die Here dit uiteindelik gebruik om 'n baie groot ding in Israel te doen. Miskien moet ons weer dink oor die dingetjies van ons lewe wat ons as alledaags en klein beskou, dit wat roetine geword het, want ons weet nie of die Here dalk besig is om iets groters daaruit voort te bring nie. Laat ons die klein dingetjies in ons lewens nie minag nie. Kom ons leef bewustelik en doen dit asof vir die Here, want Hy het dalk iets groters in gedagte as wat ons kan sien.

## Verwagte uitkoms:

God is veral ook teenwoordig in die alledaagse, die plekke wat ons as vanselfsprekend aanvaar. God gebruik ook die klein dingetjies wat ons doen om sy teenwoordigheid bekend te maak.

## Aksie:

Vertel die volgende storie aan die klas:

Daar word 'n verhaal vertel van twee emmers, die een mooi blink en nuut wat mooi weerkaats het in die son en sommer baie liters water kon dra en 'n ander emmer wat ouer en al eintlik opgebruik was, hierdie emmer het ook geleek. Die Nuwe emmer het gereeld die Ou emmer gespot en terg oor die liters en liters water wat verlore gegaan het wanneer die emmer van die put in die dorp na die Boer se plaas toe gedra was.

“Teen die tyd dat ons by die plaas uitkom het jy al lankal al jou water verloor!”, het die Nuwe emmer vir die Ou emmer gesê.

Hieroor het die Ou emmer baie sleg gevoel, die emmer het so sleg hieroor gevoel dat hy nie die volgende dag saam met die Boer en die Nuwe emmer wou gaan water haal nie.

“Ag Ou emmer,” het die Boer vir hom gesê, “moenie so huil nie. Het jy nog nie agtergekom dat ek jou die een keer aan die linkerkant dra en ’n volgende keer aan die regterkant dra nie?”

“Ja,” het Ou emmer snikkend geantwoord.

“Wel, dit is sodat ons die blommetjies langs die pad kan natgooi op pad terug van die put af!” antwoord die Boer hom toe.

Van daardie dag af het Ou emmer graag saamgegaan dorp toe en het Nuwe emmer se gespottery hom glad nie gepla nie.

(As julle vir die ouer Graad-groepe ’n ander storie wil gebruik is julle welkom, ek dink egter hulle behoort nie om te gee nie.)

## Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as ’n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

## Diamant vrae:

- Jy kan dat die klas die storie opvoer terwyl jy dit voorlees.
- Wat het in die storie gebeur wat julle nie verwag het nie?
- Wat was die belangrikste oomblik in die storie?

## Hart vrae:

- As julle agtergrond musiek vir die storie moes kies, wat sou dit wees en hoe sou dit klink?
- Met watter karakter in die storie kan jy die beste identifiseer en hoekom?
- Het jy al iemand anders teëgekom wat ook so nodig gehad het om te beseef wat hulle vir ander mense beteken? Vertel vir ons die storie.

## Skoppens vrae:

- Wat het iemand anders al vir jou gedoen wat hy/sy nie beseef het hoë belangrik dit is wat hulle gedoen het nie? (Baie soos vorige vraag, kies een.)
- God werk baie keer ook met ons deur die dinge wat ons sommer as vanselfsprekend aanvaar. Hoe het jy al God se teenwoordigheid beleef in die klein dingetjies van die lewe (die dinge wat sommer onbelangrik gelyk het)?
- Wat is groot dinge waarvoor ons dankbaar is vir God?
- Wat is klein dinge waarvoor ons dankbaar is vir God?

### **Klawers vraag:**

- As mens agterkom dat God nie net teenwoordig is in die groot dinge nie, maar ook in die klein dinge, hoe sal dit jou lewe beïnvloed? (Hoe sal jy anders kyk/optree)
- Watter ander verhale het jy al gehoor wat jou bewus gemaak het van God se teenwoordigheid?
- Watter lewensverhale kan jy gaan skryf om ander bewus te maak van God se teenwoordigheid?